TEKS 1

'MENSBOEKE' IS NIE VIR DIE GRAF BEDOEL NIE

Julian Jansen

19 September 2021

1 'n Groot deel van die nostalgie na my kinderjare is verweef met meesleurende melodieë van liefdesliedere, soos Groep Twee se "Daar's niks soos ware liefde"; paragrawe van avontuurverhale soos die *Fritz Deelman*-reeks; die dialoë van radioverhale soos *Brug oor Satansvallei*; en grinterige fliekbeelde soos *Seun van die wildtemmer*.

2 Die melancholie van hierdie woorde, beelde en klanke is egter selde 'n ware weerspieëling van my grootword in die Rusthof-buurt in die Strand: 'n eenkantwêreld uitgemerk op 'n landmeterkaart.

3 Buurte soos myne se stories word selde opgeskryf en diegene wat omstandighede kon ontsnap en buite daardie ruimte nog suksesvol kon wees, ondanks beperkings en landswette, het almal 'n storie gehad. In Rusthof was daar baie stories, maar byna almal is ongesproke, want hulle draers is almal graf toe.

4 'n Geskiedenis vervaag, soos Kodak-kiekies.

5 "Mister Julian, wil net weet wanneer jy my storie kan plaas," lui die soveelste whatsapp van 'n gerehabiliteerde dwelmverslaafde uit die Overberg.

6 God het hom op sy trip gestuit, vertel hy. Hy was deurmekaar en nou is hy agtermekaar, met motiveringspraatjies. Hy is soos 'n lewende boek en angstig om gelees te word.

7 Wat nie misgekyk moet word nie, is dat baie mense en veral jongeres uit hierdie buurte hulle ervaringe van brandende kwessies soos geslagsgeweld, genderkwessies en diskriminasie wil vertel. Van hulle slagofferskap en uiteindelike triomf.

8 In die Strand het twee vroue verlede week hulle boeke bekend gestel. Die boeke is op eie koste laat redigeer en gedruk en word uit die hand verkoop.

9 Dit is nie net waardevol dat hulle stories opgeteken en gelees kan word nie – hulle inspireer ook ander om hulle eie stories te skryf en te vertel.

10 Indien hierdie boeke (vir nou) nie die koerante haal nie, help platforms soos sosiale media dat daardie energie wyd gevoel word.

11 Ek is baie gefassineer deur The Human Library, 'n internasionale organisasie en beweging wat in 2000 in Kopenhagen, Denemarke, deur Ronni Abergel begin is. Hulle doel is om mense se vooroordele aan te pak deur hulle met diegene te laat gesels met wie hulle normaalweg nie sou kommunikeer nie. Hulle gebruik die analogie van 'n biblioteek wat mense as boeke uitleen.

12 Daar is byvoorbeeld die Nederlandse Menslike Biblioteek wat "boeke" uitleen met titels soos Spinalekoordbesering, Depressief, Enkelpa, Wit bevoorregte, Gay, Nar en Polisieoffisier.

IEB Copyright © 2022

13 Ook in Kaapstad, in 2018, kon jy by die Menslike Biblioteek 'n mens "uitneem", soos 'n seksueel mishandelde slagoffer, 'n Zimbabwiese vlugteling of 'n gewese bendelid. Die "uitlener" kry 30 minute om die mens in 'n persoonlike gesprek alles te vra wat hy wil weet.

14 In ander lande is daar 'n menigte soorte mense wat "uitgeneem" kan word, onder andere doofblindes, migrante, alkoholiste, outistiese mense, mishandeldes, werkloses, dakloses, bekeerdes, mense wat bipolêr is of wat aan aandaggebreksindroom ly, en vele meer.

15 Hoe goed sal dit nie wees indien dorpe hulle eie menslike biblioteke vestig en hierdie "mensboeke" uitleen nie [leesteken]

16 Ons moet werk maak om self 'n menseboek te wees en onsself, met ons unieke stories, uitleen.

[Verwerk uit: Jansen, Julian. 2021. 'Menseboeke' is nie vir die graf bedoel nie [rubriek]. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/julian-jansen-menseboeke-is-nie-vir-die-graf-bedoel-nie-20210919>. Datum van toegang: 15 Februarie 2022.
en: Bron: Britz, Elretha. 2018. Mensbiblioteek kom na die Kaap. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/teater-en-dans/mensbiblioteek-kom-na-die-kaap-20180328>. Datum van toegang: 24 Januarie 2022.]

IEB Copyright © 2022

TEKS 2

SANLAMPRYS VIR JEUGLEKTUUR-KORTLYS 2021: UITTREKSELS UIT 'N ONDERHOUD MET ANNERLE BARNARD

Naomi Meyer

1 **Vertel my van die geboorte van jou storie in die roman *Spel*.**

2 Ek het een nag in die middel van 'n droom wakker geword en onmiddellik geweet dat my droom die begin van 'n storie was wat ek net móés skryf. Robotte was in 'n spel met die mensdom gewikkel.

3 Terselfdertyd het vriende en familie vir my (onbewus van my droom) artikels oor hierdie spesifieke tema aangestuur. Ek moet in alle eerlikheid bieg dat *Spel* vir my die heel moeilikste storie tot dusver was om te skryf. Ek moes diep delf en ongelooflik baie navorsing doen omdat dit futuristies is.

4 My protagonis is Lukas, 'n sewentienjarige seun. Sy lewe is ingewikkeld ná sy ouers se dood. Die wêreld is oorgeneem deur transterrane (my woord vir 'n superras wat deur genetiese ingenieurswese geskep is en oor kunsmatige intelligensie beskik). Nou probeer Lukas hulle aandag ontduik en terselfdertyd die boerdery aan die gang hou: daar is wel nog 'n paar mense wat aan die lewe moet bly deur te eet! Die antagoniste in die verhaal beskik oor geen medemenslikheid nie en is ongenadig en wreed. Om sake te kompliseer is daar 'n beeldskone meisie, asook 'n kuborg wat onthou dat hy eens 'n mens was. Een van die karakters loop met 'n geheim rond en verraad is onvermydelik.

5 **Op watter ouderdomsgroep is jou storie gemik?**

6 Ek skryf vir lesers tussen 14 en 18. Ek het self twee tieners in die huis en is passievol oor lees en geletterdheid. Dis lekker om vir die jeug te skryf, want hulle is eerlik. 'n Mens kan hulle nie om die bos lei nie. Hulle vind aanklank by stories met 'n vinnige tempo en 'n fokus op hedendaagse uitdagings, en dis iets wat my ook trek. Ek probeer om moeilike temas op 'n sensitiewe wyse te hanteer, maar skram nie daarvan weg nie.

7 Ek het nooit bewustelik gekies om jeugliteratuur te skryf nie, maar toe ek in 2013 die nuusberig hoor oor twee meisies wat ontvoer is, het die storie en karakters vir my eerste jeugroman, *Sweepslag* (2019), net kom aanklop.

[Verwerk uit: Meyer, Naomi. 2021. Sanlamprys vir Jeuglektuur-kortlys 2021: 'n onderhoud met Annerle Barnard. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.litnet.co.za/sanlamprys-vir-jeuglektuur-kortlys-2021-n-onderhoud-met-annerle-barnard/>. Datum van toegang: 24 Januarie 2022.]

TEKS 3

HOE OM 'N TREFFERTROUE SELF TE BEPLAN

Nat Daan Neulsteen
Januarie 2022

Kyk, troubeplanning is geen kuns nie. Waarvoor 'n GeLeentheidsKoördiNeerder ryk maak? Selfdoen is die ding! Dit maak die geleentheid eenvoudig en keurig, nie oordadig en bankbreekduur nie.

Natuurlik begin jy met die regte plek: 'n plek waar mense kan uitkom. Ek moes al so ver stofpad ry dat ek moes aftrek sodat die GPS-tannie eers klaar kon hoes. Dis onregverdig teenoor jou gaste!

Genoeg geriewe om aan die roep van die natuur te voldoen, genoeg beweegruimte – jy moet aan sulke dinge dink, nie net aan die eendjies op die waterplas en gansies op die groene gras nie. Is daar toegang vir rolstoele en looprame?

Jou gaste moet alles weet van die geleentheid. Die uitnodiging moet soveel as moontlik sê, hoewel dit nou nie die spyskaart hoef te bevat nie. Maar daar is dalk vegetariërs en veganiste op jou gastelys – en hulle sit mos nie aan dieselfde tafel nie!

Wat gaan jy die mense voer? Weer is **keurig** en **eenvoudig** jou towerwoorde, selfs al maak jy nie self die kos nie. Om 'n politikus van jare gelede se vraag te verwerk: Hoekom kom die mense troue toe, om te vreet of om te vier?!?

Daar is baie telwerk vir 'n huweliksonthaal: stoele, glase, messe en vurke en lepels, borde van alle groottes, ensovoorts. Jy wil tog nie, terwyl jy en jou splinternuwe eggenoot grasieus wals, gevra word waar daar nog poedingbakkies is nie!

As jy wil versier, versier maar na hartelus. Jy sal egter later bly wees as jy so min as moontlik blompotte met klein vissies daarin, geskenkies met strikkies en sakkies, konfetti van net pienk roosblare of ander ingewikkelde gedoentes aan jouself doen.

Die klank kan die hele troue maak of breek. Gaan die doofste gaste die toesprake kan hoor? Gaan die musikante die ondowes doof maak? Dinge moet vooraf werk sodat jy seker kan wees dat dit op die aand sal werk!

Hoe meer ek daaraan dink, hoe meer klink alles na lyfpla. Ignoreer my en kry tog 'n GeLeentheidsKoördiNeerder. Of nog beter: sluip weg en trou voor 'n magistraat!

[Bron: Neulsteen, Nat Daan. 2022. In: *Bruid en bruidegom*, Januarie 2022: 55.]

IEB Copyright © 2022

TEKS 4

demosthenes, die klipkouer, digby kalamata

1 die mooiste ure was wanneer ek
alleen in ingekapte kerkies God
kon uitsing in die eggo's teen die rots

2 maar tussen mense word my tong verstok
as ek moet antwoord soek op vrae
sodat die saamwees altyd aan my krap
wanneer ek hakkelrig met hulle bots.

3 ek wens dat ek myself kon toemaak in my kerkies en myself.

4 tog is ek oorgelewer aan dié mensbestaan
waar almal aldag op my tone trap.

5 nou loop ek soggens skuins voor dagbreek
hier langs die skoon en vlakkerige
see en luister hoe die branders oopvou
op die strand. buk af en kyk hoe lyk
die klippies op die sand. bly dae
kyk na al die vorms en die kleure
elkeen 'n wonderwerk en sáám
'n groter een in skynbaar sorgelose blink verband.

6 ek kies 'n paar en speel met hulle
in my kies. voel hoe my tong geskaaf
word en hoe my mond op sy beurt weer verder
vorm gee aan elke klip.

7 'n skip skiet uit die horison
en sonder twee maal dink of iemand dit verstaan
spoeg ek die klippies mosaïekfyn uit my mond.
my groet is glad en koeëlrond.

8 die dag het soos 'n eerste dag rondom my oopgegaan.

– Fanie Olivier

[Oorspronklik uit die bundel *Skimmellig* (Human & Rousseau, 1978).
Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel 2*. Kaapstad: Tafelberg (bl. 715).]

TEKS 5

NEGESTER EN STEDELIG

Terwyl die Negesterre en die stedeligte witter
in die donker suidelike nagte om ons skitter,
slaap jy nog weg in nag en swye
langs mos en varings van eertye:
'n see-anemoon waar geel spirale
lig deur water in jou van 'n Oerson daal,
daal in jou slaap; jy roer,
'n vis teen riet en maan se perlemoer;
jy sluimer in 'n tonnel van die kuil –
'n otter in nat holtes nog verskuil;
dan stort jy skielik uit as mens, besitter
van die Negester en stedelig se skitter.

Saans as die rye ligte langs die strate brand
sal jy met wye oë en met kleine hand
vir my bedui en stotterend sê
hoe groot houttolle kabels in diep slote lê;
partymaal sal jy by my tafel neul
om na die sirkus of die mallemeul
te gaan; en vaster om jou groei bioskope,
fabrieke, speurverhale en mynhope;
saans sal die stad se ligte witter
in jou donker siel bly skitter.

Watter kaart of watter ster sal ek jou wys
om veilig deur die grysland heen te reis?
Sal ek van 'n God praat wat verdoem,
van Christus, en die Tien Gebooie noem?
Voorlopig dan, maar onthou altyd
aan jou dade grens 'n ewigheid;
gee sin aan voorgeslagte deur die eeue heen,
besef jy is 'n vegter weer van die begin, alleen;
en mag die Suiderkruis en Negesterre witter
as die stedeligte in jou siel bly skitter.

– D.J. Opperman

[Oorspronklik uit die bundel *Negester oor Ninevé* (Nasionale Pers, 1947).
Bron: Brink, André P. (Samesteller). 2009. *Groot verseboek deel 1*. Kaapstad: Tafelberg (bl. 268).]

IEB Copyright © 2022

TEKS 6

IN DUITSLAND WAAR DIE WOLKE IN GELID MARSJEER

1 Duitsland is waar die wolke in gelid marsjeer,
waar die son 'n permit het om te skyn,
waar die maan nie mag opbly so laat soos sy wil nie.

2 Duitsland lyk soos Duitsland op televisie.
Al verskil tussen Duitsland en televisie
is dat daar iets gebeur op televisie.

3 Die misdadigers in Duitsland droom
van groot gewere,
van Amerika.
Die booswigte het almal
warm water, elektrisiteit en 'n mediese fonds.
Die kriminele lei lewens van stille vertwyfeling
nes die onderwysers, slagters en bankiers.

4 Duitsland is seker maar soos orals –
die soort van plek waar jy bang is
dat Die Mense gaan uitvind van jou,
gaan weet van jou; **[...]**

5 In Duitsland praat jy lekker Duits,
tot jy een oggend skielik weer
soos iemand wat by die tandarts was
sukkel om “selbstverständlich” te sê.

6 In Duitsland is Afrikaans die moordwalvis
wat jy grootmaak in die bad;
is dit Afrikaans wat opkrul soos die luislang
onder sy vyeboom in die woonkamer.
Afrikaans word jou huisgod, jou altaar;
die potplant langs jou hi-fi
wat soos die *Little Shop of Horrors* se Audrey II
in die maanskyn groei om lang gevaarlike skadu's
oor die buurt se dakke te gooi. **[...]**

7 In Duitsland droom jy dikwels
van familie, ou vriende lank gelede,
dat iemand doodgegaan het
terwyl jy hier ver is.

8 In Duitsland moet jy doen
wat jy wil
of jy nou wil
of nie.

– Danie Marais

Die teken **[...]** *toon aan waar dele van die gedig weggelaat is.*

[Oorspronklik uit die bundel *In die buitenste ruimte* (Tafelberg, 2006).
Bron: Brink, André P. (Samesteller). 2009. *Groot verseboek deel 3*. Kaapstad: Tafelberg (bl. 1 257–1 258).]

TEKS 7

In hierdie gedig deur Johann Lodewyk Marais is die spreker 'n immigrasiebeampte wat die aangesprokene, 'n kind uit Mosambiek, saam met ander onwettige immigrante uit Suid-Afrika uit wegstuur. Die woord "repatriasietrein" (versreël 2) beteken: die trein wat die onwettige immigrante na hulle vaderland toe terugneem.

DIE KIND

Kind, vandag gaan jy met leë hande
Op hierdie lang repatriasietrein
Waarop die mense styf ingepak sit
Terug oor die grens na jou land van herkoms.
Vergeet nou maar wat jy hier gesien het, 5
Die bietjie geld waarvoor jy gewerk het,
Die bord kos wat jy gister gekry het,
Die huis waar hulle jou ingeneem het,
Die maats wat jou vandag klaar vergeet het.
Jy moet jou plek ken op die savanne 10
Waar hulle houtskool brand om te lewe
En die landmyne dreigend in die veld
Lê en wat vir hulle wat durf uitgaan
En die aarde vir die saak wil oopbreek.
Daar sal hulle jou nie sommer opsoek 15
En jou naam op 'n vorm neerpen nie.
Maar moenie na my kyk wat hier skryf nie.
Ek weet woorde kan soos helder water
'n mens voortdurend afwas en skoonmaak,
Maar woorde word, soos water, maklik vuil 20
En ek kry my hande nie meer skoon nie.
Kind van Mosambiek, gaan terug na jou land
Sonder 'n geldige paspoort by jou
En sonder die genade van my pen
Waarmee jy dwarsdeur die wêreld kan reis. 25

– Johann Lodewyk Marais

[Oorspronklik uit die bundel *Plaaslike kennis* (Protea Boekhuis, 2004).
Bron: Brink, André P. (Samesteller). 2008. *Groot verseboek deel 3*.
Kaapstad: Tafelberg (bl. 959).]

IEB Copyright © 2022

TEKS 8

TEKS 8A



Brandstofpryse het vroeg in 2008 wêreldwyd die hoogte ingeskiet. Ook Suid-Afrikaanse verbruikers is daardeur vasgeklem.

[Bron: Mouton, Fred. 2008. *Laat daar lig wees* ... Kaapstad: Tafelberg.]

TEKS 8B

[Bron: Mouton, Fred. 2022. "Valentynsdag en petrol" [spotprent]. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/spotprente/die-burger-spotprent-15-februarie-2022-20220214>. Datum van toegang: 15 Januarie 2022.]

IEB Copyright © 2022

TEKS 9

[Bron: Fietsadvertensiesjabloon. 2022. Aanlyn beskikbaar by: <https://af.postermywall.com/index.php/art/template/9bb668648b6a33fec38453fdfa3c1a4d/exclusive-bicycle-sale-design-template#.Ygu9GN9BzIU>. Datum van toegang: 15 Februarie 2022.]

IEB Copyright © 2022